

Kwartaaltema: Jesus se geheime tot geluk.

Tema: Gelukkig is hulle wat afhanklik van God is.

SKRIFLESING

Skriflesing: Matt 5:3 en Jak 4:13-17

Om geseënd te wees beteken om werklik of onuitspreeklik gelukkig te wees. In Psalm 1 word die soort geluk met "welgeluksalig" vertaal. In hierdie woord sien ons dat so 'n mens eintlik 3 maal gelukkig is. Almal van ons wil werklik so gelukkig wees.

Waar in soek ons ons geluk? Die wêreld daar buite vertel vir ons dat dit oor geld en goed gaan. Ons sien in die advertensies dat jou posisie, die span waarvoor jy speel, of jy 'n wenner is of selfs plesier geluk waarborg. Of solank ons gesond is, gaan ons gelukkig wees. Die meeste van hierdie goed is nie onbelangrik nie, maar dit is soos seepbelle. Ons blaas dit. Dit hou vir 'n paar oomblikke en dan bars dit weer.

Nog 'n manier hoe mense dink hulle gelukkig kan wees, is deur onafhanklik of in beheer te wees. Ons is skaars twee jaar oud, dan wil ons al dinge self doen. Ons leer ons kinders om selfstandig en onafhanklik te wees. Jy sal eers gelukkig wees wanneer jy jou eie dagboek hanteer. Of jy sal gelukkig wees wanneer jy kan koop wat jy wil. En as ons hierdie dinge het, word ons selfversekerd en grootpraterig. Al hierdie goed is seepbelle.

Mense is bang vir oud word, omdat hulle afhanklik sal raak van ander. Jesus sê vir Petrus in Joh 21:18: "Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie." Ons is bang hiervoor.

Ons wil in beheer wees van ons lewens. Ons wil selfs in ons verhouding met Here in beheer wees. Ek dien 'n God wat my pas en ek doen dit soos en wanneer dit my pas.

Solank jy nog so jou eie geluk wil maak, sal jy dit nie kry nie. Die wêreld gaan dalk daarmee beïndruk wees, maar dit gaan nie hou nie. Hierdie goed is seepbelle. Almal van ons is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en dan weer verdwyn.

Waar is dan ware geluk en seën te vind?

Thomas Green, 'n bekende katolieke teoloog vertel dat hy as sendingdosent in Manilla gesukkel het om die Filippyne te oortuig dat 'n mens op water kan dryf. Ten spyte van die feit dat hulle by die see gebly het, was hulle nie ywerige swemmers nie. Aanvanklik het hulle nie geglo dat 'n mens bo-op water kan dryf nie. Hulle ervaring was dat jy moet skop en spook en spartel dat dit klap om bo te bly. Daar is nie 'n ander manier nie. As jy dit nie doen nie, gaan jy sink. Dat 'n mens moet ophou met jou eie pogings, moet rustig raak en ontspan sodat die water jou sal dra, dit moes hulle eers sien voordat hulle dit kon glo. Hierdie is vir my so 'n mooi beeld van my eie lewe. Ek spook en spartel op soek na geluk. Ek maak my eie planne. My dagboek is in beheer van my lewe. Vandag gaan ek hier wees en môre gaan ek daar wees. Ek pak 'n klomp goed aan wat my lewe beter moet maak. Hierdie goed is seepbelle. Dit gaan my nie gelukkig maak nie.

Ware en blywende geluk begin by die dien van die Here. Ek moet ophou spartel en rustig raak. Ek moet in geloof aan Hom oorgee sodat ek op die water van Sy liefde en genade kan dryf.

Wanneer ek my geestelike bankrotskap besef en oorgee, sal Hy my ryk maak. Ware geluk en seën kom nie van buite af nie, dit kom van binne af. Dit begin die dag as ek oorgee aan die Here en toelaat dat sy Heilige Gees beheer neem van my lewe.

Ek en jy kan niks doen om geestelike bankrotskap weg te neem nie. Ons kan elke geestelike byeenkoms bywoon, dankoffers gee wat ander verstom laat en dien totdat ons nie langer op ons voete kan staan nie, maar dit gaan nie help nie.

Ons leer eers ware geluk wanneer ons saam met Paulus in die woorde van Rom 7:24-25a uitroep: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here."

Eers wanneer ek 'n "as die Here wil" - lewe begin leef, dan sal ek werklik gelukkig wees.

Ware geluk is nie in my eie krag en vermoëns nie. Dit is om op die Here te vertrou.

'n Besigheidsman getuig onlangs teenoor my dat mense by sy werk bekommerd is oor alles wat duurder word, oor dinge wat nie altyd so glad loop nie en al die nuwe reëls en regulasies wat besigheid moeiliker maak. Dit is alles waar. Maar as die mense so tekere gaan, word Hy stil en hy weet dat God in beheer is.

Ware geluk begin die dag wanneer ek my lewe oorgee aan God wat in beheer is. Dit begin die dag wanneer ek weet dat ek wik en Hy beskik.

Ons dink ons is sterk, maar ons is so swak en nietig. Ek lees in my voorbereiding die volgende oggendgebed met so ietsie van 'n glimlag raak:

Liewe God, sover het dinge vandag nog redelik goed gegaan. Ek het nog nie geskinder of my humeur verloor nie; ek was ook nog nie aaklig, gierig, nors, klaerig of selfsugtig nie. Ek is oneindig dankbaar daarvoor. Maar oor 'n paar minute, Here, gaan ek uit die bed klim, en van dan af gaan ek vir seker al die hulp nodig hê wat daar vir my beskikbaar is. Die hulp van U alleen. Amen. Op my eie kan ek nie, met my hand in Syne en in Sy krag sien ek kans vir die dag wat voorlê.

In 'n seer en deurmekaar wêreld weet ek dat my enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort.

'n Dominee vertel my nog in Kroonstad van 'n besondere ervaring wat hy by 'n sterwende kankerpatiënt gehad het. Die man was hier rondom sy 40's, dalk selfs jonger. Hy het 'n vrou en jong seun gehad. Toe die dominee eendag by hierdie man se sterfbed instap, hoor hy hoe die familie "doen slegs u wil Heer" biddend sing. Ware geluk is om te weet, terwyl ek meer vrae as antwoorde het en trane oor my wange loop, dat my lewe en dood in God se hande is.

Ware geluk is om te weet, al is 'n geliefde sterwend, aan ons behoort nou en in die lewe hierna die koninkryk van die hemel.

Afsluiting

Ware geluk begin die dag as ek besef dat geluk nie iewers, in een of ander prestasie of in iets te vinde is nie. Ware geluk is in Iemand. Ware geluk begin as ekself ophou spook

en spartel om bo te bly en ek in geloof oorgee aan Hom. Gelukkig is jy wat in alles afhanklik van God is.

Amen